Talente

G.J. du Preez 072 1876 076

1094.

Die talente Matt.25:15

Voor ek met die Skrif begin wil ek eers die 'talent' benader en verduidelik. As ons die Skrif lees moet ons weet dat ons 'n dubbele boodskap kry soos die talent. Die man wat YAHUSHA verteenwoordig gee aan sy diensknegte geld of bevoegdheid m.a.w. talent in gewig soos geld of talent in verstand.
'n Talent weeg sowat 25.2 kg. Nou as ons die gewig van 'n talent in silwer moet uitwys gaan ons mooi kan sien wat die gelese stuk nou eintlik beteken in fisiese geld waarde.
Voor ons by die waarde kom moet ons 'n skatting of twee doen, weens die feit dat niemand regtig 100% alles van 'n talent af weet nie.

Ons vat nou die talent as geld (silwer) wat 'n middel is om die arbeidsmag te beloon wat vir eeue in gebruik was onder die volk. Ons moet nou na YAH se orde of kalender kyk, want alles het ontstaan deur Hom "veral rondom Sy volk".
Daar is 365 dae in 'n jaar waarvan 65 dae Shabbat en Shabbatte is.
Daar is 12 maande waarvan dit opgedeel is in weke van 7 dae elk.
Ons het jubeljare gekry wat elke 50 jaar is waarvan daar 120 gaan wees m.a.w. 6000 jaar voor die laaste 1000 jaar van rus.

Ek kan nou op verskillende maniere die boonste getalle gebruik om 'n 'talent' op te breek nl.: 365 dae – 65 feesdae = 300 werksdae en 300 werksdae deel 50 jubeljare is 6 ens. , maar wat belangrik is, is om die werklike loon uit te werk wat die diensknegte ontvang het sonder te lank verduidelikings. Wat hulle werklik gedoen het is om die talent gewig op te deel in muntstukke. Die 25.2 kg silwer is opgedeel in 60 en elk van daardie 60 is weer op gedeel in 60 wat vir my 7 gram gee en waarvan die 7 gram in 2 of 3 dele opgedeel was. Die dagloners en die diensknegte van bo word in daardie 2 en 3 dele munte betaal wat hulle 'dragma munte' genoem het. Daar was blykbaar so 6000 dragma munte in 'n talent.

Nou om tot die waarde van 'n talent te kom in vandag se markte: 'n Dienskneg ontvang 3 tot 3.5 gram silwer per dag wat gemiddeld so R 70.00 is. Dus vermenigvuldig 70 met 2 dan met 60 en weer met 60 = R 504 000 M.a.w. R 504 000 deel 12 jaar deel 300 werksdae = R 140.00 per dag wat 'n top betaling sou wees.
As ons nou die 1 talent van die Skrif vat gee dit 'n loon van 12 tot 16 jaar.

Nou kan ons met gemak die geldwaarde sien wat die diensknegte ontvang het:
Die een met 5 talente = R 2 520 000
Die een met 2 talente = R 1 008 000 } aansienlike bedrag geld elk
Die een met 1 talent = R 504 000

Maar nou kom ons by die ware boodskap.
Mat 25:14 Want dit is soos 'n man(YAHUSHA) wat op reis wou gaan en sy diensknegte roep en aan hulle sy besittings toevertrou.:15 En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë; en hy het dadelik op reis gegaan.

YAHUSHA gaan weg om Sy Koningskap te gaan haal by VADER en gaan weer terugkom as ons Koning en Heerser. Voordat Hy gaan gee Hy 'n opdrag aan die wat Hy dink wat met Sy volk mag werk. Hy verdeel Sy eiendom tussen Sy uitverkore (*indiwidueel*) om na Sy volk om te sien. Hy vertrou dat hulle daarmee sal woeker en werskaf tot Sy wederkoms (*Dit gaan nie oor dat die een meer as die ander ontvang het nie, maar oor die toevertroue, oor die verwagting dat elkeen sy kant sal bring*).

Ek gee graag 'n verduideliking of twee in 'n gelykenis hoekom die verskil in talente.

Die eerste:
Die huisheer gaan weg en roep een van sy slawe na hom. Hy vertel aan hom hoekom hy weg gaan, en dat hy hom saam met twee ander slawe outoriteit gaan gee oor sy eiendom. Die huisheer gee al die nodige geheime aan sy slaaf tot onderhoud.Hy vertel hom waar hy sy skatte bêre, waar al die sleutels is van al die deure, wat al die geheime is van elke kamer in en rondom die huis. M.a.w. die huisheer gaan niks terughou teenoor die eerste slaaf nie. Hy roep die volgende slaaf in en openbaar ook baie aan hom, maar nie so veel as die eerste nie, tog soveel so dat hy die eerste slaaf kan ondersteun indien nodig. Die huisheer roep die laaste slaaf in en vertel hom ook oor sy weggaan, maar gee hom nie soveel dinge deur soos die vorige twee nie, tog kry die slaaf gesamentlike heerskappy oor die eiendom van sy heer.

Nou die Heer (YAHUSHA) gaan terugkom na Sy eiendom (*ons as die uitverkore volk*) waarvan Hy verwelkom sal word deur die wat Sy uitverkore volk opgepas het.Die ware en opregte gaan dadelik uitroep"YAH my Koning" voor Sy aangesig kom en Hom loof en prys. YAH gaan hulle aansien en Hom in hulle verbly weens die stryd wat hulle gehad het om Sy eiendom op te pas (*hulle is die manne wat uit gestaan het of 'n ikoon was onder die volk. Hulle het geval in die klas van die wat gestaan het vir YAH en wat geen dood of onreinheid gevrees het nie*).

Na hulle gaan die tweede na vore kom wat ook besonders is voor YAH. Hulle gaan ook YAH loof en prys (*Hulle is die manne wat alhoewel hulle nie uitstaan soos die eerstes nie, maar ook nie terug gestaan het teen onrein of die dood nie*).

As die laaste groep te voorskyn kom gaan YAH onmiddellik toornig word. Die groep sal ook wil oorgaan tot lofprysing, maar YAH gaan hulle onmiddellik stop. YAH gaan hulle dadelik berispe en vra: Waar was julle toe My eiendom (volk) julle nodig gehad het. Waar was julle toe Ha satan so slaan en verrinneweer het onder die volk. Waarom het julle nie die volk 'My eiendom' gewaarsku teen Ha satans mag nie. Waarom was julle bang en skaam, ja waarom het julle twyfel in julle hart gehad die dag toe My eiendom uitroep tot hulp. Ja julle het gedink dat Ek YAH nie weer sou terugkeer nie. Julle was te besig met aards bestaan en so gewerk en werskaf aan My eiendom tot eie verryking. Julle het julleself so verlustig aan wat aan My behoort en gemaak of dit aan julle behoort. Selfverryking, hebsug, eiegeregtigheid. 'N dominerende uitvaagsels is julle.

Die tweede:
YAHUSHA kom en openbaar alles aan ons deur Sy profete en apostels. Hy gee ten volle alles vir hulle en Sy uitverkore volk, ja selfs wat Sy eie lewe insluit.
Hy roep 'n klomp eenkant en gee vir hulle outoriteit en heerskappy, maar met die oorgawe verwonder Hy Hom hoekom hulle nie verstaan het toe Hy aan hulle die verborge deur gegee het. Met lankmoedigheid het Hy hulle Sy verborge dinge gegee. M.a.w. YAHUSHA het die talente uitgedeel aan sy uitverkore (*eiendom*) en aan sekere meer as aan andere. Wat verstaan moet word is dat die talent nie die uitverkore is nie, maar wel wat die uitverkore nodig het (*Beide behoort aan YAH, maar die een is lewe en die ander het lewe nodig om te lewe*).
Met YAHUSHA se perfekte oordeel gee Hy apart (*eenkant soos bo uit gewys*) kragte aan sekeres om wonders te kan doen, nie volgens die vermoë van sekeres wat in die Afrikaanse Skrif staan nie! Daardie 5 talent manne het die vermoë om wonders te kan doen! (*As Ha satans mag wonders kan doen, hoeveel te meer nie YAH se uitverkore nie ?*). Glo vir my daar is reeds manne onder ons volk wat YAH uitverkies het om gebruik te word vir Sy "wonders" Niemand weet wie hulle is, en ek glo hulleself weet ook nie! As die tyd van VADER aanbreek sal hulle na vore kom (*Hulle is wel besig onder die volk soos die twee talent manne*).

Die twee talent manne is alreeds aan die werk onder die volk van YAH; waarvan hulle al hulle sintuie gebruik om YAH as Koning te verkondig M.a.w. dat YAHUSHA die Seun van VADER is, en wat weer gaan kom as YAHUAH dié Koning!

Die een talent manne is die draad sitters. Hulle is die 'lou' manne wat YAHUSHA van gepraat het. Agterbaks en sleg is hulle, want hulle weet van al die dinge, maar doen niks of die teenoorgestelde.

Net ‘n kykie na “soort soek soort” Kyk gerus die afsondering van ‘n ‘by’. Jy kan ‘n klomp bye korwe langs mekaar hê, waarvan nie een by, by ‘n ander se korf ingaan nie. Bye het ‘n feromoon wat hulle afskei en waarvan die feromoon afgevryf word aan die ander. Dus bly ieder en elk by sy maats wat dieselfde ruik. Hoekom ek die ‘by’ inbring is dat al die boonste diensknegte almal broers was, maar tog het elk verskillende talente ontvang (*Soos genoem dieselfde soort heerskappy dieselfde ras of korf soort*).

Kom ons kyk wat sê die vers in die King James Skrif.
Matt. 25:15 And 2532 unto one 3739, 3303 he gave 1325 five 4002 talents, 5007 to(1161) another 3739 two, 1417 and 1161 to another 3739 one; 1520 to every man 1538 according 2596 to his several 2398 ability; 1411 and 2532 straightway 2112 took his journey .589
Met doelgerigtheid gee YAHUSHA aan Sy uitverkore om Hom te verteenwoordig / dupliseer. Die een kry vyf keer krag om voort te bring en aan sy volgende bloedverwant twee, en aan ‘n ander bloedverwant een. YAHUSHA het aan elke broer gegee om in besit te neem die groot krag….

Die wat intiem met YAHUSHA wandel sal in Sy guns by Hom wees. Hy sal ‘n besoek ontvang waarvan YAHUSHA doelgerigte kragte aan hulle sal verleen. Hulle sal sekere kragte ontvang wat wonderwerke insluit (*hulle is die 144 duisend uitverkore die 5 talent mane*). Die wat nie besoeking ontvang nie, maar tog getuig van die Koning en Sy Koninkryk verkondig sal hulle loon ontvang. Die wat weet wat reg en verkeerd is en hul mond hou om hul eie stert te verdedig, sal verantwoording doen met Sy koms.

Ek sluit:
Daar is drie groepe. Die vyf talent manne wat aangestel word saam met YAH as Sy heersers. Die twee talent manne wat oor geheers gaan word. Die een talent manne wat van gevat sal word. Hulle sal voor die Groot Gereg verskyn om te antwoord waarom het hulle gedoen soos dit hulle behaag i.p.v. wat VADER behaag. Waarom het hulle hul aard skatte vir hulle en hul mense opgehoop? Waarom het hulle nie omgesien na die volk in nood nie. Het hulle gedink dat VADER nie sien nie?

Bedink dit